

Vrydag 25 September

Skrifgedeelte: Openbaring 5

Fokusgedeelte: Openbaring 5:13

Ons ewige Koning regeer uit die hemel

Johannes sien dat daar in God se regterhand 'n merkwaardige boekrol lê. Gewone boekrolle is net aan die binnekant vol geskryf. Maar hierdie boekrol is aan die binne- en buitekant vol geskryf.

Op die boekrol is God se beplanning van die wêreld en sy geskiedenis neergeskryf. Die betekenis daarvan dat die boekrol aan albei kante vol geskryf is, is om simbolies aan te toon dat die Here elke ding só deeglik uitgewerk het dat daar geen tyd of ruimte vermors is nie.

Die boekrol veroorsaak spanning in die hemel. Enigeen in die hemel of op die aarde word gedaag om die seëls van hierdie boek oop te breek. Daar was niemand wat dit kon doen nie. Nie eers een van die magtigste engele het dit gewaag nie.

Johannes het verstaan wat dit beteken. As hierdie boek se seëls nie gebreek word nie, kan die wêreldgeskiedenis nie ontwikkel nie. Dit beteken dat die heerlikheid van God nie aan ons geopenbaar kan word nie, en dat die ewigheid ná die dood, saam met die nuwe hemel en die nuwe aarde, nie sal kom nie.

Een van die ouderlinge het Johannes se aandag daarop gevestig dat die seëls tog gebreek gaan word. Daar was 'n Leeu wat dit gaan doen (vs 5). Toe Johannes opkyk, sien Hy dat dit nie 'n leeu is nie, maar 'n Lam wat daar in die middel staan asof Hy geslag is. Dit beteken dat hierdie Lam aan tekens aan Hom gehad het omdat Hy gewelddadig doodgemaak is. Daarby het Hy nog 'n aantal ander merkwaardige eienskappe: Hy het sewe horings. Dit simboliseer volmaakte en Goddelike krag.

Sing: Psalm 33-1:7

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)